**Saterdag 28 Mei**

**Skrifgedeelte: Lukas 4:14-30 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Lukas 4:18, 19**

## ’n Profesie van die ware Messias

Gesalf deur die Heilige Gees kondig Jesus Homself in Nasaret, die dorp waarin Hy opgegroei het, aan as die gestuurde van God, as die ware Messias van Wie daar in die Ou Testament geprofeteer is. Hy lees in die sinagoge van Nasaret voor uit die profesie van Jesaja (wat ’n aanhaling uit Jesaja 61:1, 2 is) en sê dan: “Vandag is hierdie Skrifwoord … vervul” (4:21). Ek is deur die Heilige Gees gesalf en gestuur om die evangelie te verkondig, om gevangenes vry te laat, blindes te laat sien, onderdruktes te verlos en om die genadejaar van die Here aan te kondig. Ek is deur die Heilige Gees met ’n besondere opdrag gesalf, sê Hy.

Ek is die Gestuurde van God, die Gesalfde van God om redding en verlossing te bring. Ek is die Een van Wie daar geprofeteer is. ’n Belangrike selferkenning oor Wie Hy is en wat die doel van sy sending is. So kondig Jesus Homself aan as die Seun van God, ons Verlosser.

Die mense van Nasaret wil dit (wonders) wat Jesus in Kapernaum gedoen het, sien. Hy moet dit hier doen waar Hy grootgeword het. Jesus, as die gesalfde Middelaar van God, se roeping en werkkring is egter groter en wyer as Nasaret en die grondgebied van Israel, en Hy probeer dit aan hulle verduidelik (2:25-27) … en, sê Hy: “Geen profeet word in die plek waar hy grootgeword het, aanvaar nie.”

Die belangrike is: Jesus is deur God gestuur deur die Heilige Gees as ons enigste Middelaar en Verlosser gesalf. Dit gaan oor baie meer as Nasaret. Dit gaan oor die vestiging en die opbou van die koninkryk van God op aarde.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. Pieter J van der Walt (Emeritus)*